**7 Februarie**

**Skrifgedeelte: Genesis 12:1-9 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Genesis 12:2-3**

## Jy sal tot seën wees

God se opdrag aan Abram was: Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af, na 'n land wat Ek jou sal wys, en jy moet tot n seën wees.
Missionêr gesproke het God eintlik vir Abram gesê: Gaan, Ek stuur jou, Ek sal jou seën en jy moet tot 'n seën wees. Ná die bou van die toring van Babel begin God as't ware heeltemal nuut met Abram. God roep hom uit die heidendom om vader te word van hulle wat in God sou glo. God kies hom uit, nie omdat Abram 'n uitstaande man of 'n besondere man daar in Ur was nie. God het 'n doel met Abram, hy sou met God 'n pad loop en God sou met hom 'n pad loop.
God het aan Abram in die eerste plek die gawe van geloof gegee, soos die Skrif dit in Efesiërs 2:8 benadruk: Geloof is 'n genade van God. Abram trek in volle vertroue weg, soos God hom beveel het. Vertroue is 'n onmisbare aspek van geloof. Geloof gaan oor in die daad (Gen. 12:4).
Abram het weggetrek, gehoorsaam aan die woord van die Here, en Hy trek met die aanvaarding van God se belofte dat Hy by hom sal wees, maar ook met die wete dat hy tot seën sal wees.
Inderdaad roep God nog steeds mense tot geloof; meer nog, Hy skenk aan hulle wat Hy roep, ook aan ons, die geloof net soos aan Abram. God vra van ons wat in Jesus Christus, deur die Heilige Gees, die geloof ontvang het gehoorsaamheid aan sy Woord.
Ons opdrag in die wêreld bly, net soos Abram s'n: ons moet tot seën wees vir hulle wat God op ons pad bring. Ons moet die lig uitdra, soos ons die lig, die lewe en die geloof van Christus ontvang het.
Julle is die lig vir die wêreld, laat julle lig so skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader in die hemel verheerlik.

*Sing: Psalm 89:6* *Ds. DF Coetzee (Piet Retief)*